# NG GEMEENTE WAVERLEY

**Aankondigings**
**7 Maart 2010**

**4de Lydensondag**

## Eredienste: 7 Maart 2010

| Cunninghamlaan-Bedieningspunt | | 30ste Laan-Bedieningspunt | |
|---|---|---|---|
| 08:30 | **Eerste diens: Bybelgenootskap** | 08:30 | **Gebed in kerksaal** |
| | Liturg: Ds Dirk Taljaard | 09:00 | **Oggenddiens** |
| | Kleuterkerk tydens diens | | Liturg: Ds Chris Lötter |
| 09:30 | **Junior Kategese (Gr 1 – 6)** | | Kleuterkerk tydens diens |
| 10:30 | **Tweede diens: Bybelgenootskap** | 10:00 | **Kategese** |
| | Liturg: Ds Dirk Taljaard | | |
| | Kleuterkerk tydens diens | | |
| 10:30 | **Vergenoeg** | | ***DEERNISMAAND*** |
| | Liturg: Ds Bertus Olivier | | |
| 14:30 | **Sepedi Diens** | | |
| 17:15 | **Aanddiens** | | |
| | Liturg: Ds Attie Nel | | |
| 18:00 | **Senior Kategese (Gr 7 – 11)** | | |
| 18:30 | **Krummelsbyeenkoms in Boillerroom** | | |

*AANDDIENS: Cunninghamlaan 17:15*
*VERGEWE MEKAAR*

***Ons almal weet dat ons mense moet vergewe deur wie ons seergemaak of benadeel is. Om te vergewe is egter nooit maklik nie, en nes ons dink ons het vergewe, kom daar dinge by ons op wat ons laat wonder: "Het ek regtig vergewe?" en dan begin die worsteling weer van voor af. Ander se seer is so diep en so erg dat hulle nie eers daaraan kan dink om ander te vergewe nie. Wanneer ek nie vergewe nie, doen dit niks aan die ander persoon nie, dit is net ek wat skade ly. Daar is egter ook ander vrae:***

***As ek byvoorbeeld iemand vergewe wat my beroof het, beteken dit dat ek dit dat ek sê dat wat die persoon gedoen het reg is?***
***Hoekom kan ek nie vergeet selfs al het ek vergewe nie?***

"To forgive is to set a prisoner free and discover that the prisoner was you." *(Lewis B Smedes)*



### Gebedshoekie

Die gemeente se voorbidding word vir die volgende lidmate gevra:
**Hospitaal:**
*Dirk Kamfer* (Lawsonln 1273, 012-332-2232);
*Liezel Genade dogter van Zohn en Marianne Genade* (29e 573, 012-331-3098, Moot);
*Piet Gouws* (32e 685, 083 623 3817, Zuid-Afrikaans);
*Gawie Joubert se pa* (Steve Biko)

**Ds Attie Nel se nuwe selnr is 082 418 5054**

## Eredienste: 14 Maart 2010

| Cunninghamlaan-Bedieningspunt | | 30ste Laan-Bedieningspunt | |
|---|---|---|---|
| 08:30 | **Eerste diens** | 08:30 | **Gebed in kerksaal** |
| | Liturg: Ds Danie v Rensburg | 09:00 | **Oggenddiens** |
| | Kleuterkerk tydens diens | | Liturg: Ds Nico vd Westhuizen |
| 09:30 | **Junior Kategese (Gr 1 – 6)** | | Kleuterkerk tydens diens |
| 10:30 | **Tweede diens** | 10:00 | Kategese |
| | Liturg: Ds Danie v Rensburg | | |
| 10:30 | Kleuterkerk tydens diens | | *5de Lydensondag* |
| | **Vergenoeg** | | |
| 14:30 | Liturg: Ds Nico vd Westhuizen | | ***Deurkollekte: Munte vir Deernis*** |
| 17:15 | **Sepedi Diens** | | |
| 17:15 | **Senior Kategese (Gr 7 – 11)** | | |
| | **Aanddiens** | | |
| | Liturg: Ds Attie Nel | | |

## Administrasie

**Leraars:**
- Ds Chris Lötter (012-734-5741 / 0845866552)
- Ds Attie Nel (012-756-1352 / 0824185054, epos asnel@neomail.co.za)
- Dr Bettie Wagner-Ferreira (012-347-4842 / 0828956062)
- Ds Louis Brittz (012-803-3292 / 0833831262, e-pos ljbrittz@absamail.co.za

**Pastorale Hulp: Vergenoeg:**
- Ds Bertus Olivier (012-332-3069 / 0822246242)

**Orreliste:**
- Cunninghamlaan-Bedieningspunt
  Neels Matthyser (0829230991)
- 30ste Laan-Bedieningspunt:
  Hentus van Rooyen (0769038053)
- Victor Voges (012-332-1551 / 0829628731

**Kerkkantore:**
- Cunninghamlaan-Bedieningspunt :
  Dalene Myburgh (012-332-1779)
- 30ste Laan Bedieningspunt:
  Fanie Kotzé (012-330-1077)

**Kosters:**
- Cunninghamlaan-Bedieningspunt :
  Sarel Meyer (012-377 0985 / 0722393664)
- 30ste Laan-Bedieningspunt:
  Jaap van Eeden (012-331-2865 / 0731775510)
- Vergenoeg:
  Jan Louwrens (012-332-1537)

**Webwerf van gemeente:**
Die webwerf van die gemeente is beskikbaar by www.ngwaverley.co.za.
E-pos lys: ngwaverley@googlegroups.com; E-pos: ngwaverley@gmail.com; Vir meer inligting kontak: Ina Smith (082 818 0117), ismith@sun.ac.za

**Nuwe Intrekkers:**
**30ste Laan:** Ontmoet asb die leraar/ouderling na die erediens voor by die liturgiese ruimte.

**Cunninghamlaan:** Ontmoet die leraars en Gasvryheidsbediening by die teedrink-hoekie langs die kerkgebou na die 1ste diens en by die 2de diens op die liturgiese ruimte.

**Oorgrenslidmate:**
Kontak asb die kerkkantore vir inligting oor vakkies vir u gerief.

**Bybelstudie of gebedsgroepe:**
Indien jy wil inskakel, kontak die kerkkantore vir besonderhede.

**Vir besoek of voorbidding:**
Indien u bewus is van gemeentelede wat besoek/voorbidding benodig, gee asb hul name vir 'n dienswerker / kerkraadslid,'n leraar, Tossie Ferreira (012-330-1392), Kobus Bonthuys (012-332-0637) of die kerkkantore.

**Geldelike bydraes**
Lidmate word aangemoedig om hul maandelikse offergawes per debietorder te laat aftrek. Kontak die kerkkantoor vir 'n vorm. Andersins is u welkom om dit direk in die kerk se bankrekening in te betaal. Bankbesonderhede: NG Waverley, Absa, Rekno: 1430157120, Taknr: 335245.

## Gemeentedagboek

**7 tot 13 Maart 2010**

| | | |
|---|---|---|
| Di 9 Mrt | 18:30 Krummels (Tiener byeenkoms) | 30ste Laan |
| Wo 10 Mrt | 07:30 Biduur<br>08:30 Bybelstudie<br>10:00 Leraarskring<br>10:30 Biduur<br>18:00 Tienerselgroep | Cunninghamln<br>Cunningh & 30ste Ln<br><br>Vergenoeg<br>Cunninghamln |
| | **14 tot 20 Maart 2010** | |
| Di 16 Mrt | 18:30 Krummels (Tiener byeenkoms) | 30ste Laan |
| Wo 17 Mrt | 07:30 Biduur<br>08:30 Bybelstudie<br>10:00 Leraarskring<br>10:30 Biduur<br>18:00 Tienerselgroep | Cunninghamln<br>Cunningh & 30ste Ln<br><br>Vergenoeg<br>Cunninghamln |
| Do 18 Mrt | 19:00 Kleingroepbestuur | 30ste Laan |

**JAKARANDA KUNSTEFEES 26 April – 2 Mei**

Die Jakaranda Kunstefees word hierdie jaar vir die eerste keer in die Pretoria omgewing aangebied en is 'n fees soortgelyk aan die KKNK en Aardklop Kunstefeeste. Van die belangrikste produksies wat by die KKNK gaan wees, gaan ook by die Jakarandafees wees.

Ons gemeente het 'n stalletjie by die fees om eetgoed te verkoop. Aangesien daar tot soveel as 3000 items per dag voorberei gaan moet word, het ons al die hande en hulp nodig wat ons moontlik kan kry. Na die eredienste sal daar lyste by die deure beskikbaar wees. Skryf asseblief jou naam op as jy kan help, selfs al is dit net vir 'n kort rukkie. Alhoewel ons baie hard gaan werk gaan dit ook 'n wonderlike geleentheid wees om as kinders van die Here mekaar beter te leer ken. Moet dit nie mis nie.

Enige navrae kan aan Renate gerig word by: 0824516786.

**Die volgende Ouderlinge het hulself vir 'n verdere termyn beskikbaar gestel en word eenparig herverkies:**
Dr Gerrit Cloete, Prof Marthie Bezuidenhout, Johan vd Westhuizen, Hannelie Meyer, Hennie Brittz, Prof Leon Brümmer en Pine Pienaar.
**Die volgende Diakens het hulself vir 'n verdere termyn beskikbaar gestel en word eenparig herverkies:**
Jan Louwrens, Carlo Gagiano
**Die volgende persoon is op die kerkraadsvergadering verkies as Ouderling:**
Blok E: Onus Malherbe (Starkeyln 1237) )
**Die volgende persone is op die kerkraadsvergadering verkies as Diakens:**
Blok H: Elaine Reitsma (Walterln 1365) Blok L: John Trollip (Lawsonln 1301)
Blok M: Johan de Bruin (Dunwoodieln 1283) Blok R: Ebert vd Westhuizen (Dunwln 1234A)
**Die volgende persone is op die kerkraadsvergadering verkies as Wyksdiakens:**
Wyk H1: Chris Cronje (Moultonln 1296) Wyk M1: Lettie Fourie (Dunwln 1259A)
Wyk R6: Jacques Gates (31e 584) Wyk R7: Elmar Theron (Breyerln 1296C)
Wyk P7: Theunis Smit (30e 616) Wyk S8: Chris Lötter jnr (32e)
Wyk T3: Dirk Fourie jnr (34e 546) Wyk T5: Pieter Els (Lydialn 694)

**Bewyse vn lidmaatskap ontvang, hartlik welkom:**
Wyk D8: Adelle Jansen v Rensburg (31e 761, 082 787 3909); Wyk G7: Maria Adriana Human (Dickensonln 1220, 082 747 1567); Wyk W6: Stefanus Johannes Steyn (28e 551, 082 363 9426)

SONDAG 14 MAART:
**Aanddiens: OUERS en TIENERS : DAAR IS HOOP**

Tydens die kinderjare is ouers deurlopend besig om hulle kinders te leer om self besluite te neem. Kinders is vry om bv. 'n groep blokkies waarmee hy/sy speel na willekeur te rangskik, net solank hulle nie die meubels in die huis na willekeur rondskuif nie. Kinders word toegelaat om te besluit watter kleur hemp om skool toe aan te trek, maar mag nie self kies of hulle skool toe gaan of nie. Met ander woorde, in die kinderjare word die besluite oor die meer belangrike en lewensnoodsaaklike dinge deur die ouers geneem.

In die tienerjare begin tieners al hoe meer daarop aanspraak maak om deel te wees van besluite wat hulle raak en selfs om sekere van die besluite self te neem. Hierdie besluitneming is een van die belangrikste lewensvaardighede wat tieners in hierdie jare moet aanleer. Deel daarvan is dat hulle moet besef dat besluite sekere gevolge het en dat hulle met die gevolge sal moet saamleef. In die proses neem tieners dikwels verkeerde besluite en hulle moet die lewensles leer om met die gevolge daarvan saam te leef.

Die tiener wat sê: "Ek is vry om self die keuses te maak en die besluite te neem wat my lewe raak!", leer ook om later te sê: "Ek is wie ek is op grond van die besluite wat ek geneem het!" Na die mate wat tieners die vaardigheid aanleer om beter keuses en deurdagte besluite te neem, ontwikkel elkeen sy/haar eie en uniek identiteit.

Die kuns van die verhouding tussen ouers en tieners is om te weet watter keuses en besluite die moeite werd is om oor te verskil.

Volgende Sondag-aand (17 :15) gaan dit oor die verhouding tussen ouers en tieners.

Na die erediens gaan die gesinne in die saal kuier. Elke gesin bring sy eie "pizza" (Of bestel dit om teen 18:30 by die kerk afgelaai te word).

**Houerprojek - Kruideniersware**

Ons versoek asb dat persone wat in besit van houers is en dit tans nie gebruik nie dit aan ons terugbesorg. U kan dit by die kerkkantore ingee. Kontakpersoon: Jannie Vermeulen ☎ 012-332-2894.



**KRUMMEL UITREIK - DINSDAGAAND**

Krummels is die naam van die tienerbediening in ons gemeente.

Krummels gaan Disndagaand by 'n skool in Mamelodi kuier. Ons gaan daar onder andere 'n sanggroep saamstel wat volgende Sondag-aand tydens die Familiediens gaan optree. Ons vertrek 17:30 van al twee bedieningspunte af. Ouers hoef nie bekommerd te wees nie. Di. Chris en Attie en nog 'n hele paar volwassenes gaan saam.



**KLEINGROEPE : FAMILIEBYEENKOMS**

Al die kleingroepe van die gemeente woon volgende Sondag-aand die aanddiens (17 :15) te Cunninghamlaan bedieningspunt by. Die onderwerp vir die aand is die verhouding tussen ouers en tieners. Na die erediens gaan ons saam in die saal kuier. Elkeen bring sy eie pizza of iets lekkers om aan te knibbel.